**I N D E P E N D E N T**

**A D V I S O R Y**

Independent Trustees (Pty) Limited (Reg No 2002/025164/07)
Blaauwklip Office Park Block 2 Webers Valley Road Jamestown
Stellenbosch 7600 (Also at Roodepoort)
P O Box 820 Stellenbosch 7599
Telephone: (021) 880 5400
International: (+27) 21 880 5400
Fax: (021) 880 5430
Website: www.corprecover.co.za

Your Ref:
Our Ref: **J F KLOPPER**
Direct Line: **021 – 880 5404**
Direct Fax:
Cell Phone:
Direct E-Mail: **hansk@corprecover.co.za**
Date: **08 June 2018**

**VERSLAG AAN ALLE GEAFFEKTEERDE PERSONE**

Geagte Meneer / Dame

**HIGHVELD SYNDICATION 15 BEPERK : REG NUMBER : 2003/031064/06**
**HIGHVELD SYNDICATION 16 BEPERK : REG NUMBER : 2003/031129/06**
**HIGHVELD SYNDICATION 17 BEPERK : REG NUMBER : 2003/025913/06**
**HIGHVELD SYNDICATION 18 BEPERK : REG NUMBER : 2003/030778/06**
**HIGHVELD SYNDICATION 20 BEPERK : REG NUMBER : 2005/029425/06**
**HIGHVELD SYNDICATION 21 BEPERK : REG NUMBER : 2005/027601/06**
**HIGHVELD SYNDICATION 22 BEPERK : REG NUMBER : 2005/027390/06**

1. Sedert die begin van verrigtinge om die bogemelde maatskappye onder ondernemingsredding te plaas op onderskeidelik 7 September 2011 en 14 September 2011 in die geval van HS19 het die ondernemingsreddingspraktisyn in onderhandelinge getree met partye ten einde die moontlikheid om die onderneming te red te ondersoek.

2. Daar is steeds potensiaal om die bogemelde ondernemings te red op die basis dat die ondernemingsreddingspraktisyn die geleentheid gegun word om 'n plan ter tafel te lê vir oorweging deur geaffekteerde persone.

3. Die huurinkomste teen aansien van HS15 tot HS18 is egter tans die enigste bron van inkomste van die onderskeie entiteite en onder omstandigthede waar die beleggers in HS 15 tot HS22 rente inkomste moet verdien was die verskil tussen die huurinkomste en die renteinkomste gedurende die laaste paar maande voor ondernemingsredding en die

**Independent Trustees (Pty) Ltd** is a member of **hww insolvency cooperation partners**

Austria (Vienna) Brazil (Sao Paulo) Cayman Islands (Grand Cayman) Czech Republic (Prague) France (Paris) Germany (Hamburg) Great Britain (London) Hungary (Budapest) India (New Delhi) Italy (Rome) Mexico (Mexico City) Netherlands (Amsterdam) Poland (Warsaw) Republic of China (Hong Kong) Romania (Bucharest) Russia (Moscow) South Africa (Johannesburg) Spain (Barcelona) Sweden (Stockholm) USA (New York)

Directors:
JF Klopper* B Com B Proc R Pieters* B Econ LDR Van der Merwe* B Com LLB
MJ Maseko B Juris LLB HA Plaatjies* B Juris LLB
* Member of the Association of Insolvency Practitioners of Southern Africa ("AIPSA")

eerste maand na ondernemingsredding deur ‘n derde party gefinansier. Teen die einde van Oktober 2011 het dit aan die lig gekom dat die derde party nie meer gewillig is om sodanige finansiering sonder die hulp van die ondernemingsreddingspraktisyn nie. As gevolg daarvan moes daar by ‘n bank aansoek gedoen word om tussentydse finansiering ten einde die rentebetalings aan geaffekteerde persone te maak.

4. Hierdie proses het egter langer geneem as wat aanvanklik in die vooruitsit gestel was en sodanige interim finansiering is nou gereël.

5. Die posisie is dat in die ondersoeke van die ondernemingsreddingspraktisyn daar ‘n hele reeks gebeure is wat verdere ondersoek kan verg en welke gebeure indiepte ondersoek mag verg en geweldige kostes tot gevolg mag hê. Indien daar dus ‘n roete van litigisie en konfrontasie gevolg word sal dit ly tot die ondergang van al die maatskappye en die uiteindelike likwidasie daarvan tot nadelige gevolge vir alle beleggers.

6. Terwyl daar in die vooruitsig gestel word dat die moontlikheid steeds bestaan dat ‘n reddingsplan op die tafel geplaas word moet die ondernemingsreddingspraktisyn alles in sy vermoë doen om die maatskappye lewendig te hou deur selfs interim finansiering te bekom in die beste belang van alle beleggers.

7. Indien dit derhalwe later blyk dat dit nie moontlik is om die ondernemings te red nie sal dit uit die aard van die saak beteken dat beleggers heel moontlik geen verdere rente sal verdien nie en sal die ondernemingsreddingsproses nie slaag nie.

8. Dit is egter iets wat slegs sal gebeur indien dit aan die lig kom dat daar geen moontlik tot ‘n skikkings van alle uitstaande aksies is nie.



Directors:
JF Klopper* B Com B Proc R Pieters* B Econ LDR Van der Merwe* B Com LLB
MJ Maseko B Juris LLB HA Plaatjies* B Juris LLB
* Member of the Association of Insolvency Practitioners of Southern Africa (“AIPSA”)

9. Die enigste uitweg vir beleggers is om op hierdie stadium kalm te bly en die proses te vertrou of alternatiewelik gesamentlik te besluit dat daar geen kans is om die besighede te red nie en derhalwe die litigasie en konfrontasie roete te loop. Beleggers moet egter in gedagte hou dat hierdie roete geen voordeel vir die beleggers in die sak sal bring in die korttermyn nie en dat dit heel waarskynlik sal beteken dat hulle twee tot drie jaar van nou af 'n likwidasie dividend ontvang.

Die Uwe

**J F KLOPPER**

**Ondernemingsreddingspraktisyn**



Directors:
JF Klopper* B Com B Proc R Pieters* B Econ LDR Van der Merwe* B Com LLB
MJ Maseko B Juris LLB HA Plaatjies* B Juris LLB
* Member of the Association of Insolvency Practitioners of Southern Africa ("AIPSA")